

CLUSTER VRAESTEL FET – AFRF – GT – 09
MIDRAND FOURWAYS OTHER PRETORIA
VOORBEREIDENDE EKSAMEN



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 12 – VRAESTEL 1

TYD	2½ UUR
PUNTE	100
EKSAMINATORS	CLUSTER ONDERWYSERS
SAMESTELLER	ME. K GROBBELAAR
MODERATRIS (EKSTERN)	ME. G MECCHI
DATUM	25 JULIE 2022 (EERSTE SESSIE)

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

- Hierdie vraestel bestaan uit 21 bladsye. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
- Hierdie vraestel bestaan uit VIER AFDELINGS:
Afdeling A Leesbegrip (30 punte)
Afdeling B Opsomming (10 punte)
Afdeling C Poësie (30 punte)
Afdeling D Taalvaardigheid (30 punte)
- Beantwoord al die vrae.
- Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
- Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
- Nommer jou antwoorde soos wat die vrae op die vraestel genommer is.
- ALLE vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.

AFDELING A LEESBEGRIP**VRAAG 1 TYDSKRIFARTIKEL**

Lees die volgende artikel en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Mzanzi-jeugkoor maak geskiedenis



[Bron: Google images]

- 1 Die afgelope week het Suid-Afrikane se harte van trots geswel toe die Mzanzi-jeugkoor in April opslae gemaak het en die sogenaamde *Golden Buzzer* op die talentsoekprogram *America's Got Talent* gekry het. Die jeugkoor van Soweto in Johannesburg is nie net staande deur die gehoor toegejuig nie, maar ook deur die vier beoordelaars. Skaars 'n week later was die koor gaste op die kykNET-program *Die Groot Ontbyt* en wéér het hulle die harte van die aanbieders en kykers gesteel.
- 2 Die Groot Ontbyt het met die videovrstelling van die koor se optrede op *America's Got Talent (AGT)* dadelik na die stigter van die Mzanzi-jeugkoor, dr. Jannie Zaaiman, uitgereik," sê Izaan Steenkamp, vervaardiger van *Die Groot Ontbyt*.
- 3 Nege van die sewentien koorlede wat aan *Americas Got Talent* deelgeneem het, was op *Die Groot Ontbyt*. Die plan is om twintig lede na die volgende ronde van AGT te neem. Die totale koor bestaan uit ses-en-dertig lede en hulle hoop om die koor uit te bou na ses-en-veertig lede – die kapasiteit van hulle twee busse.
- 4 Hulle was meer as bereid om in die voegoggendure van Soweto af te reis – nie net vir die onderhoud nie, maar ook vir twee optredes op die program. Die aanbieder, Jennifer Myburgh, beskryf die Mzanzi-jeugkoor as nederig, talentvol en ware ambassadeurs.

- 5 Die Mzansi-jeugkoor is 'n groep jong Suid-Afrikaners wat 'n verskil wil maak en ander mense inspireer. Deur hulle waagmoed om aan AGT deel te neem, het hulle Suid-Afrika alreeds baie trots gemaak. Pierre Breytenbach, Jennifer se mede-aanbieder sê dat dit 'n voorreg is om met van die koorlede en stigters te praat. "Dis heerlik om 'n groep jongmense te sien wat hoopvol en met soveel vreugde hulle liefde vir musiek met die hele wêreld wil deel."
- 6 "Die reaksie van die kykers was oorweldigend positief. Daar het goeie wense van oor die land ingestroom. Die koorlede is almal plat op die aarde en toe hulle gevra is waarvan hulle die meeste in Amerika gehou het, was die antwoord dat dit die hamburgers was. Dit was so oulik," vertel Izaan.
- 7 Volgens die lede wat in die ateljee was, het die spanning oor AGT eers ná hulle optrede ingeskop. Hulle was die eerste deelnemers in die geskiedenis van die program wat die gehoor se *Golden Buzzer* gekry het. Die beoordelaar, Simon Cowell het selfs begin huil. Jennifer en Pierre het ook beide 'n traan gepik toe hulle die eerste keer die opname gesien het.
- 8 Die koor het besluit om *It's OK* deur *Nightbirdie* te sing. AGT is baie gewild in Soweto; gevolglik was al die koorlede bewus van *Nightbirdie* se aangrypende AGT-storie in 2021. Die koorlede kon met haar deursettingsvermoë om bo haar uitdagings te styg en steeds gelukkig te wees, assosieer.
- 9 Hulle het ook begin om haar woorde: "*It's OK.*" as slagspreuk te gebruik wanneer óf hulle óf die koor deur moeilike tye gegaan het. Die gemoedstemming in die koor het onmiddellik positief verander. Dit was 'n emosionele oomblik om die liedjie op dieselfde verhoog in Amerika te sing waar *Nightbirdie* vir die eerste en die laaste keer opgetree het.
- 10 Die koor verander lewens deur hoop te bring. Die koor reis weer na Amerika toe wanneer hulle aan die semi-finaal sal deelneem. "Die liedjie wat hulle uitvoer, gaan 'n groot verrassing wees," sê Izaan, maar meer wil sy nie verklap nie.

[Verwerk en aangepas uit: *Sarie*, 6 Junie 2023]

- 1.1 Hoekom is Suid-Afrikaners so trots op die Mzansi-jeugkoor? (1)
- 1.2 Van waar af is die Mzansi-jeugkoor? (1)
- 1.3 By watter **twee** geleenthede het die koor mense betower? (1)
- 1.4 Die lede van die jeugkoor spog oor hulle unieke prestasie.
- 1.4.1 Sê of die bogenoemde stelling WAAR of ONWAAR is. (1)
- 1.4.2 Haal **een woord** uit paragraaf 4 aan om jou antwoord op Vraag 1.4.1 te motiveer. (1)

1.5 Haal **twee opeenvolgende woorde** aan om te wys dat Suid-Afrikaners die jeugkoor ondersteun. (1)

1.6 Kies die antwoord wat die beste pas. Skryf slegs die vraagnommer en letter neer.

Die gehoor het die Golden Buzzer gegee, beteken dat die ...

- A beoordelaars tevrede was.
- B stigters die keuse gemaak het.
- C mense van Suid-Afrika die koor gekies het.
- D mense wat by die vertoning was die keuse gemaak het. (1)

1.7 Hoe sluit die foto bo-aan die artikel by paragraaf 7 aan? (1)

1.8 Die Mzansi-jeugkoor het besluit om nightbirdie se liedjie *It's OK* te sing.

1.8.1 Wat was die oorsaak dat die koor op hierdie liedjie besluit het? (1)

1.8.2 Watter invloed het Nightbirdie se liedjie op die jeugkoor gehad? (1)
[10]

VRAAG 2 SPOTPRENT

Lees die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg deur na die inhoud van die advertensie te verwys.




[Bron: Volksblad 9 April 2016]

- 2.1 Waarmee spot hierdie spotprent? Antwoord in 'n volsin en in jou eie woorde. (1)
- 2.2 Hoe kan ons aan die vrou se **lyftaal** sien dat sy gekok is? (1)
- 2.3 Hoe wys die dogtertjie agter die muur se **gesigsuitdrukking** dat sy verbaas is? (1)
- 2.4 Noem die seisoen waarin die spotprent afspeel. Motiveer jou antwoord deur na die kleredrag van die De Jagers te verwys. (2)
- 2.5 Hoe weet jy dat die De Jagers nie op 'n plaas bly nie? (1)
- 2.6 Wat is die kat besig om te doen? (1)

- 2.7 Hoekom, dink jy, het Mnr. de Jager 'n koei huis toe gebring? (1)
- 2.8 Haal **een woord** uit die spotprent aan vir melk, kaas en botter. (1)
- 2.9 Dink jy dat Mnr. De Jager se plan gaan werk deur die diere huis toe te bring? Gee 'n rede vir jou antwoord. (1)
- [10]**

VRAAG 3 INFOGRAFIEK

Bestudeer die infografiek en beantwoord die vrae wat daarop volg.



[Bron: grafika24]

- 3.1 Kinders word oor verskeie redes geboelie. Gee die rede wat vir die tweede grootste oorsaak van boelie-gedrag verantwoordelik is. (1)
- 3.2 Hoekom, dink jy, is dit pret vir boelies om ander kinders te boelie? (1)
- 3.3 Wat is die kleinste oorsaak van boeliegedrag? (1)
- 3.4 Noem die provinsie wat aan die navorsing oor boelies deelgeneem het. (1)
- 3.5 Hoekom, dink jy, is die infografiek in swart en rooi? (1)

- 3.6 Die meeste kinders wat geboelie word, praat nie daaroor nie. Haal 'n frase uit die infografiek aan wat hierdie stelling bewys. (1)
- 3.7 Kyk na die prent van die twee kinders.
- 3.7.1 Hoe kan jy aan die **liggaamshouding** van die kleiner kind sien dat hy geboelie word? (1)
- 3.7.2 Hoe kan jy aan die **liggaamshouding** van die ander kind, sien dat hy die boelie is? (1)
- 3.8 Kies die korrekte woord om die stelling sinvol te voltooi:
- Kinders in die (laerskool/hoërskool) het aan hierdie navorsing deelgeneem. (1)
- 3.9 Haal **een woord** aan wat bewys dat hierdie infografiek op feite gebaseer is. (1)

[10]**30 punte**

AFDELING B OPSOMMING**VRAAG 4 Pluk Wiskunde-vrugte met dié wen-wenke**

Die Burger, 'n Afrikaanse koerant, het met Wiskunde onderwysers gepraat en het 'n infografiek opgestel oor wat jy as student kan doen om beter en makliker eksamen te skryf. Hier is vyf van die wen-wenke uit die infografiek wat jy kan toepas by die huis, in die klaskamer en tydens jou Wiskunde-eksamen.

- Som die vyf wenke en voordele in 5 punte en 70 woorde op.
- **Noem wat die wenk is en gee ook die voordeel wat hierdie wenk vir die eksamen inhou.**

ONTHOU:

- Skryf telkens die **vyf wenke** neer en maak seker dat jy ook noem watter **voordeel** elke wenk vir jou of jou eksamen inhou.
- Moenie die sinne direk uit die teks aanhaal nie.
- Elke punt moet 'n wenk en 'n voordeel bevat.
- Begin elke sin met die onderwyser se van bv. 1 Mnr. Makabere: ... (Die vanne is nie deel van jou woordtelling nie.)
- **Elke antwoord mag een of twee sinne bevat.**
- Nommer jou punte 1 tot 5.
- Laat 'n reël oop na elke nommer.
- Jou opsomming mag nie minder as 60 woorde of meer as 80 woorde lank wees nie.
- Skryf die woordtelling aan die einde neer.
- Trek 'n streep deur jou beplanning.

Pluk Wiskunde-vrugte met dié wen-wenke	
Mnr. Shultz:	Effektiewe voorbereiding en studie bou selfvertroue en selfvertroue maak eksamendruk ligter. Wees positief, al sukkel jy dalk met die werk. Negatiewe gedagtes bring jou niks in die sak nie.
Mnr. Makabere:	Maak jou handboek studievriendelik en maak notas terwyl jy in die klas luister. Eksamendruk kan jou 'n fout met die som laat maak, maar goeie notas kan jou help om jou werk te herken wanneer jy eksamen skryf.
Mev. Mouton:	Probeer om elke dag Wiskunde te oefen. Dit help jou om die basiese werk te verstaan en voorbereid te wees tydens ekstra klasse of tydens assesserings. Hoe meer tyd jy aan Wiskunde bestee, hoe beter sal jy presteer.
Mev. Salajee:	Maak die aand voor die eksamen seker jy het alles wat jy nodig het. Onthou jou sakrekenaar, meetinstrumente, skryfbehoeftes en 'n horlosie, sodat jy jou tyd kan beplan en effektief in die eksamen kan werk.
Mev. Naidoo:	Moenie antwoorde waaroor jy onseker is doodkrap voordat jy nie 'n beter antwoord het nie. As jou som of antwoord doodgekras is en jy het nie tyd om weer te probeer nie, kry jy geen punte nie.

[Bron: verwerk uit: <https://af.wukihow.com/wiki/Practice-Airplane-Etiquette>]

10 punte

AFDELING C POËSIE**VRAAG 5 VOORBEREIDE GEDIG**

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

	?	– Franci Greyling
1	Jou naam draai ek uit elke appelstingel,	
2	pak dit in spoelklippies op die strand.	
3	Ek vinger jou naam op vuil motorvensters,	
4	toegewasemde spieëls en oor die palm van my hand.	
5	Ek braille dit in my passerblik,	
6	doodle dit in my tuiswerkboek, op my tas.	
7	Jou naam pen ek oor 'n swartbord	
8	sodat niemand dit ooit weer af kan was.	
9	Ek ryg dit regs aan my naam vas	
10	en dra dit soos kraletjies om my nek,	
11	graffiti dit op elke straathoek	
12	soos 'n hond wat sy been lig om te sê: "Dis my plek!"	
13	Want jy is al my uithangborde,	
14	die screensaver van my brein,	
15	die tatoeërmerk oor my hart	
16	en, wie weet, dalk nog die T-hemp van my pyn.	
17	Miskien het jy my naam al uitgegee. Uitgetippex!	
18	Of dalk versier jy dit met smiley faces (😊😊) en 'n soentjie-x.	
19	Ek sal verstaan as jy my nog nie kan spel nie,	
20	nie eens met leestekens kan vertel nie.	
21	Net jammer jóú naam, is nog net 'n	
22	?	

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

- 5.1 Dit is duidelik dat die spreker verlief is omdat sy die persoon se naam op verskillende plekke aanbring.
- 5.1.1 Hoe weet jy dat die spreker nie weet op wie sy verlief is nie? (1)
- 5.1.2 Wat is die voorwaarde voordat die spreker die persoon se naam op die spieëls kan aanbring? (1)
- 5.2 Kies die korrekte antwoord om die stelling sinvol te voltooi:
- In strofe 1 dui die spreker die persoon se naam op 'n (permanente/tydelike) manier aan. (1)
- 5.3 Hoekom skryf die spreker, volgens die gedig, met 'n pen op die swartbord? Antwoord in jou eie woorde: (1)
- 5.4 Kyk na die struktuur van die gedig:
- 5.4.1 Wat noem jy 'n strofe wat uit vier versreëls bestaan? (1)
- 5.4.2 Wat noem jy 'n strofe wat uit twee versreëls bestaan? (1)
- 5.4.3 Bepaal die rympatroon in versreëls 1–4. (1)
- 5.5 Wat bedoel die spreker as sy sê: "Want jý is al my uithangborde"? (1)
- 5.6 Watter bewys is daar dat die seun moontlik nie verlief op die spreker is nie? (1)
- 5.7 Hoe beïnvloed die gebruik van 'n ek-spreker die leser se gevoel teenoor die spreker? (1)
- [10]**

VRAAG 6 VOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

Die wêreld het so klein geword – Alta Marincowitz

- 1 Toe my ouma 'n kind was, speel hulle op die wye vlakte,
- 2 deel granate in die boord,
- 3 lees boeke in hulle soeke na kennis
- 4 en klets met maats as die foun twee kortes en drie langes lui.

- 5 As kind bly my ma op 'n ruim erf
- 6 met 'n grasperk en twee bome,
- 7 sit sy vasgenael voor die kassie –
- 8 vol drome om eendag oor die wye wêreld te swerf.
- 9 Sy ken mense wat al oorsee was!
- 10 Haar niggies in die stad gaan naweke fliek
- 11 en voor matriek sien sy hoe die eerste selfone lyk.

- 12 Ek klik met 'n muis die wêreld tot in my huis,
- 13 die web is my werf en Gumtree my boom.
- 14 Ek is deel van 'n boek waar mense hul gesigte
- 15 gedeeltelik ontsluit en klankloos klets en kuier.
- 16 Ek kan kennis onmiddellik op aanvraag verkry
- 17 en met 'n ieder en elk in verbinding bly.
- 18 Die moontlikhede is duielingwek-
- 19 kend GROOT en die wêreld het so
- 20 klein geword dit pas in
- 21 die twaalf vierkante
- 22 meter van my
- 23 kamer
- 24 in.

[Bron: Toulopers: Verse vir Tieners – saamgestel deur J. Jacobs, Lapa 2011]

6.1 Lees die titel van die gedig.

Wat het veroorsaak dat die wêreld so klein geword het? (1)

6.2 Waarna verwys die "foun" in strofe 1? (1)

6.3 Die spreker se ma het tegnologie gebruik.

6.3.1 Watter tegnologie, volgens die gedig, het die spreker se ma nie gebruik nie? (1)

6.3.2 In watter tyd van haar lewe het die spreker se ma met hierdie tegnologie kennis gemaak? (1)

6.4 Verduidelik kortliks wat die ruimte vir die drie generasies vroue was en hoe hulle kennis gekry het.

Teken die tabel hieronder in jou eksamenboek.

GENERASIE	RUIMTE	KENNIS
Die spreker se ouma	6.4.1 ...	6.4.2 ...
Die spreker se ma	6.4.3 ...	6.4.4 ...
Die spreker	6.4.5 ...	6.4.6 ...

(3)

6.5 Haal **drie opeenvolgende woorde** aan wat bewys dat die spreker met enige persoon in die wêreld kan kommunikeer. (1)

6.6 Identifiseer die beeldspraak in versreël 13. (1)

6.7 Op watter manier is die tipografie van die gedig 'n aanduiding dat kennis van die ouma na die spreker vermeerder? (1)

[10]

VRAAG 7 ONVOORBEREIDE GEDIG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg.

Spoke – Antjie Krog

- 1 om twaalfuur is dit middernag
- 2 om twaalfuur is dit spoketyd
- 3 'n spook kom dan deur 'n sleutelgat
- 4 of kan soos 'n biltong tussen klere hang
- 5 of soos 'n kriek vloerlangs sluip
- 6 of soos 'n slim kakkerlak agter waterpype plak
- 7 hy kan sweef teen muur of dak
- 8 oor dorings, slagysters, of 'n sandwoestyn
- 9 net soos hy wil, kan hy verskyn of
- 10 verdwyn of skielik jakkalstjank van pyn
- 11 'n spook moet jy nooit groet nie
- 12 soos vuur skroei hy op jou hand
- 13 vir altyd het jy dan 'n vlek
- 14 wat met geraamtevingers brand
- 15 om twaalfuur is dit middernag
- 16 om twaalfuur is dit spoketyd
- 17 'n spook kan deur 'n sleutelgat
- 18 of geruisloos onder jou bed kom lê
- 19 – lakenplat

[Bron: *Internet*: Eksamenlokaal, Suzaan Laing – ppt download, slideplayer.nl]

7.1 Hoeveel strofes is daar in hierdie gedig?

(1)

- 7.2 Watter soort gedig is die gedig as jy na die uiterlike bou van die gedig kyk? (1)
- 7.3 Wanneer is dit tyd vir die spoke om uit te kom? Haal **een woord** uit strofe 1 aan. (1)
- 7.4 Noem **twee** dinge wat 'n spook kan doen wat 'n mens nie kan doen nie? (2)
- 7.5 Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die vraagnommer en die korrekte alfabet letter neer.
- Watter stylfiguur word in strofe 1 as beklemtoning gebruik?
- A klanknabootsing
B personifikasie
C eufemisme
D herhaling (1)
- 7.6 "of kan soos 'n biltong tussen klere hang" is 'n voorbeeld van ...
- A 'n vergelyking.
B 'n metafoor.
C hiperbool.
D sarkasme. (1)
- 7.7 Haal 'n versreël uit strofe 2 aan waarin daar assonansie voorkom en dui die assonerende klanke aan. (1)
- 7.8 Watter **woord** in die laaste strofe dui aan dat 'n spook nie 'n geluid maak nie? (1)
- 7.9 Watter leesteken in hierdie gedig dui die vorm aan wat 'n spook kan hê? (1)
- [10]

30 punte

AFDELING D TAALVAARDIGHEID**VRAAG 8 SINSTRUKTURE**

Bestudeer die foto hieronder. Herskryf die sinne soos aangedui.



[Bron: Google images]

- 8.1 Die meisie vra of sy in die swembad by die hotel kan swem.
Die meisie vra: "..."(1)
- 8.2 Het jy nog koue roomys om te eet?
Nee, ...(1)
- 8.3 Oupa moet saam met sy kleinseun in die see swem.
Oupa hoef ...(1)
- 8.4 Die seun het sy swemklere in die badkamer aangetrek.
Op die oomblik ...(1)
- 8.5 Die seun het die duikbril op sy kop gesit.
Die duikbril ...(1)

- 8.6 Die meisie tik met haar vinger teen Ouma se been. Ouma praat vriendelik met die meisie.
Die meisie met wie ... (1)
- 8.7 Ouma vertel 'n snaakse grappie. Die meisie het 'n glimlag op haar gesig.
Nadat ... (1)
- 8.8 Die hekkie van die swembad moet elke dag deur Oupa oopgesluit word.
Oupa ... (1)
- 8.9 Oupa gaan onmiddellik in die see swem as die water warm genoeg is.
Die vorige jaar ... (1)
- 8.10 Die seun het baie selfvertroue om alleen in die see te swem.
Volgende jaar ... (1)
- 8.11 Die meisie het haar skoene uitgetrek en gesels aanhoudend met Ouma.
Die meisie het haar skoene uitgetrek aangesien ... (1)
- 8.12 Oupa en Ouma is lief vir die kleinkinders. Hulle bederf elke naweek die kleinkinders by die see.
Oupa en Ouma is lief vir hulle kleinkinders daarom ... (1)
- [12]**

VRAAG 9 WOORDSTRUKTURE

Lees die paragraaf wat op die foto gebaseer is deur. Doen elke keer wat tussen hakies gevra word.

Skryf die nommer en die korrekte antwoord ONDER MEKAAR in jou Antwoordboek neer.



[Bron: Google images]

Die studente elke dag in die verskillende **9.1 (lokaal – gee die meervoud)** by die skool sit besig om hulle werk **9.2 (____ – vul die ontbrekende woord in)** doen. Pieter werk altyd **9.3 (hard – gee die intensiewe vorm)** aan sy Afrikaans by die skool daarom hoef hy nie **9.4 (by die huis – gee een woord)** te werk nie.

Hy werk op sy **9.5 (computer – gee die Afrikaanse woord)** waar hy *ChatGPT* kan gebruik. Sy **9.6 (onderwysers – gee die vroulike vorm)** het nie 'n probleem **9.7 (met + dit – gee een woord)** nie aangesien hy dit net as 'n hulpbron gebruik.

Die skool begin elke oggend om **9.8 (06:30 – skryf uit in woorde)** en al die studente is nou **9.9 (moeg – gee die vergrotende trap)** as aan die begin van die jaar. Die **9.10 (hardwerk – gee die teenwoordige deelwoord)** studente sit op die **9.11 (kleur – gee die swak verlede deelwoord)** stoele by die tafels in die klas.

Pieter is die **9.12 (fluks – gee die oortreffende trap)** van al die studente by die skool. Hy wil **9.13 (selde – gee een antoniem)** in die klas oor die werk praat. Die studente moet **9.14 (80 – skryf die woord uit)** bladsye van die werk leer voordat hulle huis toe kan gaan. Pieter raak ongelukkig as die kinders nie **9.15 (gelede/verlede – kies die korrekte woord)** week se werk doen nie; nogtans raak hy nie kwaad **9.16 (met / vir – kies die korrekte voorsetsel)** die kinders nie.

[16 x ½ = 8]

VRAAG 10 KOMMUNIKASIE

- Kyk na die prent hieronder.
- Na die prent volg vyf punte wat elk 'n denkbeeldige situasie skets.
- Lees elke situasie wat geskets word en skryf 'n sin neer wat jy dink die persoon in die situasie sou sê.
- In die beskrywing van elke situasie is 'n paar **vetgedrukte woorde**. Hierdie woorde mag nie in jou sin herhaal word nie.
- Elke antwoord moet **15–20 woorde** lank wees.
- Moenie die **vetgedrukte woorde** in jou respons herhaal nie.
- Skryf elke antwoord se woordtelling neer.



[Bron: Google images]

- 10.1 Jou pa is **bekommerd** omdat jy nie sakgeld verdien nie. Wat sê jou pa vir jou? Noem ook **hoekom** hy wil hê jy sakgeld moet verdien. (2)
- 10.2 Jou vriend is **ontsteld** omdat jou pa wil hê dat jy sakgeld moet verdien. Watter **raad** gee jou vriend vir jou? (2)
- 10.3 Jy **bedank** jou vriend vir sy goeie raad. Wat sê jy om te wys hoe dankbaar jy is? Noem ook **watter soort werk** jy in die vakansie wil doen. (2)
- 10.4 Jy vra die bestuurder van die plek **beleefd** of jy daar kan werk. Noem ook **hoekom** jy goed in die werk sal wees. (2)
- 10.5 Jy is **opgewonde** oor die vakansiewerk wat jy gekry het. Wat sê jy vir jou vriende gaan jy met jou sakgeld doen? (2)

[10]**30 punte****Totaal: 100 punte**